


**MUNISIPALE NUUSBRIEF**

# THE RESIDENT / DIE INWONER

**MUNICIPAL NEWSLETTER**

APRIL 2016 NO. 04

## BOU REGULASIES MOET GEVOLG WORD



Burgemeester Rdl LA Koloi

Munisipaliteit //Khara Hais het ontdek dat baie mense buite die grenslyn van hulle eiendomme bou en ook nie by die bou regulasies hou nie.

Die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde bepaal dat enige struktuur wat opgerig word met die toestemming van die plaaslike owerheid moet wees.

Daar is verskillende gevalle by die munisipaliteit aangemeld waar grondeienaars hulle nie gesteur het aan grenslyne nie en eenvoudig voortgegaan het om strukture soos grensmure en ander strukture sonder enige toestemming buite hulle erfgrense op te rig. In die meeste gevalle het dit plaasgevind binne padreserwes of munisipale erwe, met ander woorde op sypaadjies.

Die munisipaliteit is in die proses om deur middel van inspeksies en uitwysings sulke oortredings op te volg en indien bevind word dat 'n grondeienaar wel skuldig is aan so 'n oortreding, sal die grondeienaar per kennisgewing, in terme van die wet, verwittig word van die oortreding en sewe werksdae gegun word om die oortreding reg te stel.

Indien 'n grondeienaar volhard in die oortreding waarvoor die oortredingskennisgewing gedien is, sal die munisipaliteit in opdrag van die Munisipale Bestuurder so 'n oorskryding verwyder en 'n rekening aan die oortreder dien vir die koste daaraan verbonde. Daar is reeds onwettige strukture verwyder en sal die munisipaliteit daarmee voortgaan.

Padreserwes (sypaadjies ingesluit) is die eiendom van die munisipaliteit en kan die munisipaliteit nie toelaat dat daar willens en wetens op hulle grond oortree word nie.

Dit kan in u belang dien as u bou regulasies volg. Dit kan ook u woning veilig maak. Die Munisipaliteit is daar om hulp en bystand aan u te verleen.

Indien daar persone is wat onseker is oor bogenoemde, is hulle welkom om die Boubeheer Beampte by telefoonnommer 054 338 7071 te skakel om duidelikheid te kry oor die aangeleentheid.

***The //Khara Hais municipality has discovered that some residents build outside of the perimeters of their stands/property. The municipality is currently having its building inspectors on the ground to identify and act against such cases.***

***We call on the residents to follow the building regulations and in cases where they are uncertain they can contact the building inspectors at 054 338 7071.***

the-resident-die-inwoner-april-2016.indd 1 3/23/2016 10:27:03 AM

# TENTE BUITE WONINGS WORD VERBIED

**Die Munisipaliteit het opgelet dat mense gate in die teerpad en plaveisel kap as hulle tente vir begrafnis en ander doeleindes oprig. Ons doen 'n beroep op mense om dit nie te doen nie want as dit reën dan raak die gate groter en veroorsaak slaggate. Tente kan ook nie enige plek opgerig word nie want dit versper die verkeer en kan ongelukke veroorsaak. Mense moet by die munisipaliteit aansoek doen.**

***The Municipality is calling on residents not to dig holes into the tar or paved roads. This is normally done when people erect tents for funerals or functions. The holes become bigger when it rain and it causes potholes.***

***We also call upon residents to apply to the municipality if they want to put up tents for events/functions. The tents which people put up normally fill up a large portion of the street. This lead to traffic congestions and can cause accidents.***

## VOORAFBETAAL WATER EN ELEKTRISITEIT VERKOOPPUNTE IN DIE //KHARA HAIS MUNISIPALE REGSGEBIED

### VOORAFBETAAL ELEKTRISITEITSVERKOOPPUNTE

| VERKOOPPUNTE | TELNR | TYE |
|---|---|---|
| William Single 110, Paballelo | 073 844 0830 | 08:00 - 21:00 |
| Village Shop | 054 332 4383 | 07:30 - 21:00 |
| Progress Cafè, Kosmosstraat | 073 509 2862 | 08:00 - 21:00 |
| Daniël Jansenstr 54, Morning Glory | 084 645 9993 | 08:00 - 21:00 |
| Rosedale Spar | 054 339 0056 | 08:00 - 21:00 |
| Babbelbekkies, Rosedale | 074 587 4961 | 07:00 - 21:00 |
| Gaziniastraat, Louisvaledorp | 073 483 3466 | 07:00 - 22:00 |
| 299 Kingstraat, Paballelo | 063 009 3111 | 08:00 - 20:30 |
| Upington Convenient Centre | 054 332 5444 | **24 UUR** |
| Stap - In Vulstasie (W Engelbrecht) | 083 502 0316 | 07:00 - 22:30 |
| Spar Upington | 054 331 2491 | 07:00 - 22:00 |

### VOORAFBETAAL WATERVERKOOPPUNTE

| VERKOPERS | ADRES | TEL |
|---|---|---|
| Ruben Bosman | Hoopstraat 8, Lambrechtsdrift | 079 957 5819<br>073 146 1262 |
| Sandra Maasdorp | Loopstraat 4, Karos | 083 319 6952 |
| Nomsa Sokoyi | Jupiterstraat 35, Paballelo | 073 265 9050 |
| Emma van Eden | Swartkopweg 80, Leseding | 073 019 1789<br>076 019 1789 |
| Virginia Ratshefola | Mayabastraat 223, Paballelo | 079 444 4426 |
| Nicolaas Pieterse | Winkelstraat 22, Leerkranz | 054 751 0092 |
| Abraham Olyn | Bougainvillastraat 41, Louisvale | 082 730 2334<br>074 612 1104 |
| Ennie Malgas | Johnny Goeiemanstraat 35, Rosedale | 082 427 5162<br>061 281 4206<br>076 719 4971 |

***Inligting van tye verskaf deur verkooppunte**

## PROGRAM VIR DIE LEES VAN METERS

**MAART / APRIL 2016** | **APRIL / MEI 2016**

| DATUM | ROETES | DATUM | ROETES | DATUM | ROETES | DATUM | ROETES |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 22 MAART | 1, 2, 4, 18 | 06 APRIL | 84 | 22 APRIL | 1, 2, 4, 18 | 06 MEI | 9, 7, 11, 80 |
| 24 MAART | 23, 5, 22, 25 | 07 APRIL | 31, 45, 12, 30 | 25 APRIL | 23, 5, 22, 25 | 09 MEI | 31, 45, 12, 30 |
| 29 MAART | 29, 20, 27, 35 | 08 APRIL | 43, 32, 33, 13 | 28 APRIL | 29, 20, 27, 35 | 10 MEI | 43, 32, 33, 13 |
| 31 MAART | 37, 3, 36, 6 | 11 APRIL | 47, 16, 14, 39 | 29 APRIL | 37, 3, 36, 6 | 11 MEI | 47, 16, 14, 39 |
| 01 APRIL | 38, 46, 42, 21 | 12 APRIL | 28, 19, 41, 15 | 03 MEI | 38, 46, 42, 21 | 12 MEI | 28, 19, 41, 15 |
| 04 APRIL | 44, 8, 24, 10 | 13 APRIL | 17, 40 | 04 MEI | 44, 8, 24, 10 | 13 MEI | 17, 40 |
| 05 APRIL | 9, 7, 11, 80 | 14 APRIL | 81, 82 | 05 MEI | 84 | 16 MEI | 81, 82 |



**'n Beroep word op alle huiseienaars gedoen om asb. hul persele toeganklik te hou vir meterlesers, bv. die vasmaak van honde.**

## PROGRAM VIR DIE UITDEEL VAN HULPBEHOEWENDE ELEKTRISITEIT - APRIL 2016

| DATUM | WOONBUURT | PLEK |
|---|---|---|
| 01 April | Paballelo | Munisipale Kantore |
| 04 April | Progress / Extension | Gemeenskapsaal: Tol Speelman |
| 05 April | Rosedale | Gemeenskapsaal: Piet Thole |
| 06 April | Rosedale | Gemeenskapsaal: Piet Thole |
| 07 April | Louisvale | Moses Links Gemeenskapsaal |
| 08 April | Kalksloot/Louisvaledorp | Betaalkantoor: Me. M Blaauw |
| 11 - 29 April | Dorp | Munisipale Hoofkantoor |

**NB: BRING ASSEBLIEF U ID-BOEKIE EN VOLMAGVORM SAAM AS U KRAG KOM AFHAAL!! SLEGS WEEKSDAE VANAF 07:30 TOT 15:30**

**NIE OP OPENBARE VAKANSIEDAE NIE.**

Uitgereik deur die Kommunikasie Eenheid, Munisipaliteit //Khara Hais - Tel: 054 338 7000

the-resident-die-inwoner-april-2016.indd 2 3/23/2016 10:27:52 AM